## Die Groot Moord

Een van die merkwaardigste voortekens uit die Groot Trek, volgens familie oorlewering, het betrekking op die gebeure van 6 Feb. 1838. Op daardie oggend het mnr. Erns du Toit, swaer van die Voortrekker-leier Piet Retief, voor sy lessenaar op die plaas Kleinbosch naby die Paarl gesit en skryf. Meteens van daar uit die niet ‘n bloedkol op die wit papier voor hom.

Verbaas het mnr. Du Toit probeer vasstel waar die bloed vandaan kon gekom het. Dit was nie sy neus wat gebloei het nie, en daar was geen stukkende plek aan hom nie. Daarna het hy op die solder geklim om te sien of ‘n muis of vlermuis nie daarvoor verantwoordelik kon gewees het nie.

Ook hier het hy niks vind nie.

Die bloedvlek het ‘n raaisel gebly. Later, toe nuus van sy swaer se dood die Paarl bereik het, het dit tot hom deurgedring. Die bloed moes op die papier geval het presies in die uur toe Piet Retief deur Dingane se soldate om die lewe gebring is.

Ná die dood van die Retief-kommissie het Dingane ‘n groot impie uitgestuur om die Trekkers, wat niksvermoedend op Retief se terugkoms gewag het, om die lewe te bring. ‘n Groot aantal van die Trekkers het, in weerwil van Retief se opdrag dat hulle bymekaar moet bly, in verspreide laertjies langs die Boesmans- en Bloukransrivier gestaan.

Vroeg die oggend van Saterdag, 17 Februarie 1838, het eensklaps skote geval. Baie van die verspreide Voortrekkers is uit ‘n rustige slaap gewek en het aandagtig en vraend geluister om vas te stel wat dit beteken. By sommiges was daar aanvanklik geen vrees nie, maar blydskap omdat hulle gemeen het dat dit Retief was wat teruggekeer het en dit sy geselskap en die voorste mense was wat mekaar oor en weer met welkomskote begroet het.

Ondertussen het die eerste aanvalle begin. Die families Liebenberg, Rossouw en Bezuidenhout was heel eerste aan die beurt. Slegs Daniel Bezuidenhout en sy broertjie Petrus kon ontsnap, en Daniel het daarin geslaag om die ander Trekkers te gaan waarsku.

Die Zulu-vloedgolf het aangerol en nog baie Trekkers oorval.

Suid van Moordspruit (soos dit later genoem is) het daar, net soos tussen die Bloukransrivier en Moordspruit, ontsettende verwoesting voorgekom. Ook die Van Rensburgs is op ‘n koppie vasgekeer, maar hier het die Zulu hul eerste terugslag gekry toe Marthinus Oosthuizen tussen hulle deurgejaag en genoeg kruit vir die verdedigers gebring het om die aanval af te slaan.

Die dag was reeds taamlik gevorder toe die Zulu's in die omgewing van Maritz se laer aankom. Vir Maritz het hulle egter nie onvoorbereid oorval nie. Op die laaste oomblik het Sarel Cilliers en 'n paar Trekkers aangejaag gekom en saam met Maritz tot die aanval oorgegaan. Honderde Zulu's het gesneuwel. Om en by die laer het 'n menigte geval en baie ander is neergeskiet onderwyl hulle probeer vlug het.

Die oorrompelde laers was egter verwoes en 'n klomp vee is weggevoer. Sowat 41 mans, 56 vroue en 185 kinders het gesterf, afgesien van die 250 gekleurde diesbodes wat omgekom het.

………………………………………

Bron:

Voortrekkerlewe, agter die skerms op die Groot Trek; Rhe Carstens & Pieter W. Grobbelaar; 1988.